



Vak: Graad 5 Natuurwetenskappe

Onderwerp: Natuurwetenskappe: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Totaal: 88 Punte

1. waar 2 punte

Verduideliking:

Die senuweestelsel is die beheerstelsel van jou liggaam. Dit bestaan uit duisende senuwees.

2. roofdiere 4 punte

Verduideliking:

Jong **roofdiere** word deur hul **ouers geleer** om **bekwame jagters** te wees.

3. nie kan • vervel • eksoskelet 6 punte

Verduideliking:

'n **Spinnekop** het 'n **eksoskelet** wat **nie kan groei nie**. Dit beteken die spinnekop moet **vervel**, wat die proses is waardeur die **eksoskelet** deur 'n nuwe een vervang word.

4. karnivoor • herbivoor 4 punte

Verduideliking:

Die ruspe vreet die plant, die voël vreet die ruspe, en die kat vreet die voël.

5. onwaar 2 punte

Verduideliking:

Die padda word deur die eend gevreet.

6. eksoskelet 4 punte

Verduideliking:

Alle **ongewerwelde diere** het 'n **eksoskelet**, terwyl **gewerwelde diere** 'n **endoskelet** het.

Die **endoskelet** kan **binne** in die liggaam van die gewerwelde dier gevind word.

Die **eksoskelet** kan aan die **buitekant** van die ongewerwelde dier gevind word.

7. onwaar 2 punte

Verduideliking:

Diere soos insekte, visse, paddas en skilpaaie begrawe of steek hul eiers weg om die eiers te beskerm, maar hulle bly **nie** naby hul kleintjies na geboorte nie.



8. binne • eksoskelette • buite

8 punte

Verduideliking:

Voëls het **skeletbene** wat kan **groeï**, terwyl **sprinkane** 'n eksoskelet het wat **nie kan groei nie**.
Sprinkane moet **vervel**.

Die voorvoegsel **ekso-** beteken **buite**, terwyl die voorvoegsel **endo-**, **binne** beteken.

9. manlike | man

3 punte

Verduideliking:

Die meeste diere het 'n maat nodig om te kan voortplant.

Die manlike maat se liggaam produseer spermselle, terwyl die vroulike maat se liggaam die eierselle produseer.

Die sperm- en eierselle moet saamsmelt sodat voortplanting kan plaasvind.

10. A: bevrugting

4 punte

Verduideliking:

Bevrugting is wanneer die man se spermselle en die vrou se eierselle saamsmelt en 'n nuwe lewe vorm.

11. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Daar is meer pynsensore in jou vel as enige ander soort sensor. Dit is sodat hulle jou kan waarsku as jou liggaam seerkry of beskadig word.

12. D: Soogdiere

4 punte

Verduideliking:

Soogdiere word **lewendig gebore**. Alle **soogdiere** lyk soos **kleiner weergawes** van hul **ouers** wanneer hulle **gebore** word.

13. diere • plante

4 punte

Verduideliking:

Plante, diere en **nie-lewende** dinge in 'n **gebied maak** die **habitat** van **daardie gebied** uit. 'n **Plaas**-habitat en 'n **stads**-habitat **verskil** aangesien daar **verskillende plante, diere** en **nie-lewende dinge** op 'n plaas en in 'n stad is.

Nie-lewende dinge op 'n **plaas** kan die **skuur**, die **werktuie** en die **hek** wees.

Nie-lewende dinge in 'n **stad** kan die **sypaadjie**, 'n **trein** of 'n **wolkekrabber** wees.



14. waar

2 punte

Verduideliking:

'n **Lewensiklus** beskryf hoe **een generasie** van 'n plant aanleiding gee tot die **volgende generasie** deur **voortplanting** en die **verspreiding** van **saad**.

Die bestuifde blomme **groeï tot vrugte** met **saad binne in**. Sodra hierdie **saad** in **grond** val, sal **nuwe saailinge weer** begin **groeï**. Uiteindelik groeï die **saailinge** tot **volwasse plante** met **blomme**. Op hierdie manier sal die **proses** van die **lewensiklus** voortgaan. Dit kan net plaasvind indien die **volwasse plante blomme** kweek wat **bestuif** kan word.

15. B: saad → saailing → volwasse plant → blom → vrugte

4 punte

Verduideliking:

Die **stadiums** van die **lewensiklus** van 'n **plant**:

- 'n **Saailing** is 'n **jong plant**, veral een wat uit 'n **saad gekweek** word, **nie** 'n steggie **nie**.
 - Dit sal 'n **volwasse plant word**, wat 'n **blom** sal **produseer**.
 - **Van** daardie **blom** sal dit 'n **vrug dra** wat die **saad** vir **verspreiding** bevat.
 - Sodra die saad op **ideale grond** land, sal dit **ontkiem**.
 - Die **ontkiemde saad** sal tot 'n **volwasse plant** groeï.
 - Dan **begin** die **siklus weer**.
-

16. been | bene | beendere

3 punte

Verduideliking:

Die endoskelet word aan die binnekant van die liggaam gevind. Diere met 'n **endoskelet** het 'n **ruggraat** wat uit **klein beentjies** bestaan wat **werwels** genoem word.

17. water

3 punte

Verduideliking:

Wanneer 'n **saad water inneem**, **swel** dit totdat die **buitenste laag** van die **saad oopbars**. Dit laat die **penwortel** van die plant **buite die saad verskyn**.

18. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Uitheemse plante gebruik baie **water**, wat **min oorlaat** vir ander **plante** en **diere** om op te oorleef.

19. melk | borsmelk

3 punte

Verduideliking:

Soogdiere voed hul baba's met melk, bekend as borsmelk. Daarom bly die kleintjies vir 'n rukkie naby hul ma's. Op hierdie manier kan hul ma's hulle ook beskerm.



20. A: 4; 2; 6; 3; 1; 5.

4 punte

Verduideliking:

Nadat die mannetjie en wyfie gepaar het, is die wyfie dragtig. Na die swangerskap, skenk die wyfie geboorte en voed die katjies met borsmelk. Die baba katjies maak staat op hul ma om hulle te voed todat hulle volwasse is. Dan kan hulle paar en die siklus van voor af begin.

21. A: koglea

4 punte

Verduideliking:

Die koglea in jou ore is met vloeistof gevul wat jou help om beter te hoor en jou balans te handhaaf. Die vibrasies van die oorbeentjies in die middel-oor word hier oorgedra.

22. C: endoskelet wat die spiere en organe van die voël ondersteun

4 punte

Verduideliking:

'n **Voël** het 'n **endoskelet** wat die **spiere** en **organe** van die voël **ondersteun**.

'n **Endoskelet** word binne die liggaam van die **gewerwelde dier** gevind.

23. sintuie

3 punte

Verduideliking:

Mense en diere samel met hul sintuie inligting oor die wêreld in. Elke sintuig versamel ander inligting oor ons omgewing in.

24. suur

4 punte

Verduideliking:

Jy gebruik jou tong om te proe. Dit is bedek met sowat 10 000 smaakknoppies wat vyf hoofsmake kan identifiseer: soet, suur, sout, bitter en umami.

Umami is 'n geur wat nie soet, suur, bitter of sout is nie.

25. dolfyn | dolfyne

3 punte

Verduideliking:

Die **bottelneusdolfyn** sorg baie goed vir sy **kleintjie**. Hulle **soog** hul **kleintjies** soos enige **ander soogdier**.

Totaal: 88 Punte

